Intervet Nuusbrief

intervet

NAVORSING • PRESTASIE • INTEGRITEIT

MILTSIEKTE - nie net 'n siekte van koedoes en die Kruger Wildtuin nie

Geagte Kollega,

Die onlangse uitbreek in die Suid-Kaap dui daarop dat hierdie siekte 'n wesenlike bedreiging inhou vir ons lewende hawe. Ons stuur aan u, as kliënt van Intervet, hierdie nuusbrief met inligting en advies aangaande miltsiekte.

Miltsiekte inligting

Miltsiekte is 'n hoogs aansteeklike siekte en word veroorsaak deur die bakterie *Bacillus anthracis* . Die spore van hierdie bakterie kan vir baie jare in die grond oorleef.

Miltsiekte in herkouers word gekenmerk deur dodelike septisemie, neiging om te bloei en algemene edeem of swelling en skielike vrektes.

Herkouers is baie vatbaar vir infeksie, maar feitlik alle spesies, die mens ingesluit, kan geaffekteer word.

Wat kan i v m miltsiekte gedoen word?
Die sleutel tot die voorkoming van miltsiekte, is jaarlikse inenting van beeste.

Die behandeling van miltsiekte is gewoonlik onsuksesvol omdat die bakterieë so vinnig groei en voortplant. Die wet bepaal dat alle miltsiektegevalle geïsoleer en onder toesig van 'n persoon wat deur die staat bemagtig is, van kant gemaak moet word. Alle vatbare diere wat in aanraking was met 'n bevestigde miltsiektegeval, moet met 'n geskikte entstof geïmmuniseer word.

Dit is baie belangrik dat in gevalle waar miltsiekte vermoed word of by gevalle van skielike vrekte, die karkas nie oopgemaak word totdat daar bevestig is dat dit NIE miltsiekte is nie.

Wetlike aspekte
Miltsiekte is 'n gekontroleerde siekte, wat beteken dat boere wetlik verplig is om alle beeste ouer as 3-6 maande jaarliks teen miltsiekte in te ent. Verder word geen kompensasie betaal vir miltsiektegevalle of miltsiektevrektes nie. Boere sal volgens wet finansieel verantwoordelik gehou word vir verliese wat gedurende 'n miltsiekteuitbreek in hul area gely word indien dit nie bewys kan word dat hul beeste teen miltsiekte ingeënt is nie.

English Newsletter

If you would prefer to read this newsletter in English, click here.

Miltsiekte entstowwe

Intervet se miltsiekte entstowwe:

- Anthravax
- Blanthrax
- Supavax

Nuusbrief

Stuur een kopie na jou vriend of kollega

Stuur die nuusbrief asseblief weer! Voeg asseblief newsletters@lists.intervet.co.za by u e-pos program en adreslys vir die ontvangs van die veilige nuusbriewe.

U is ingeteken as (j.breytenbach@iburst.co.za).

Om u persoonlike nuusbrief voorkeure te verander of om die ontvangs te beindig, klik asb hier.

ingesit is nie.

Vir verdere inligting oor die voorkoming van miltsiekte en die entstowwe wat vanaf Intervet verkrygbaar is, volg asseblief die koppelings in die regterkolom van hierdie e-pos na die betrokke webwerf.

Ons vertrou dat hierdie inligting leersaam en nuttig is. Ons beplan om by geleentheid in die toekoms soortgelyke e-pos aan u te stuur.

Vriendelike groete,

Intervet Verkoops -en Bemarkingsdepartemente

Besoek www.intervet.co.za om meer informasie oor Intervet, ons produkte en dienste en ander interessante inligting te bekom. Intervet S.A. (Edms) Bpk is 'n geregistreerde maatskappy (Reg. No. 1991/006580/07).

Intervet S.A. (Edms) Bpk, Spartan weg 20, Spartan uitbreiding 20, Kempton Park, 1619, Suid Afrika.

Kontak Termes en Voorwaardes